

**GEDENKDIENS OP 16 DESEMBER**

**Pretoria, 2 Desember 2014.** Die jaarlikse Geloftediens op 16 Desember by die Voortrekkermonument sal hierdie jaar weer direk d.m.v 'n lewende uitsending op ons webblad: [www.vtm.org.za](http://www.vtm.org.za) uitgesaai word.

Die diens sal vroegoggend begin en teen 10:00 afsluit, waarna die Monument om 11:00 oopgestel sal word vir gewone dagbesoekers wat nie die diens bygewoon het nie. Die diens en die sonverligting van die Senotaaf sal ook op groot skerms in die Haldesaal en die Senotaafsaal geprojekteer word. Gaste moet asseblief daarop let dat die kwaliteit van die klankprojeksie beter in die Senotaafsaal is.

Persone wat die Geloftediens bywoon, betaal nie toegangsgeld nie, maar 'n kollekte sal wel voor die aanvang van die diens opgeneem word om te help om die uitgawes van die verrigtinge te dek.

Die program is kortliks soos volg:

- 07:00 VTM se hoofhekke maak oop
- 07:30 Assegaaiehekke en Monument se deure maak oop en gaste neem plekke in
- 08:15 Samesang: Sangleier dr. Lukas de Kock; orrelbegeleiding mev Tersia Knobel
- 08:30 Opneem van kollekte
- 09:00 Voorlees van Geloofte
- 09:05 Geloftediens gelei deur ds. Willem Vogel van die Gereformeerde Gemeente Cachet
- 10:00 Afsluiting – wegpak van stoele
- 11:00 VTM-hoofhekke open vir algemene publiek (normale toegang betaalbaar)
- 12:00 Waarneem van die son op die Senotaaf

Gaste word vriendelik versoek om vroeg te kom, sodat hulle reeds van 07:30 af hulle sitplekke in die Monument kan begin inneem. Die Monument se deure sal toegemaak word sodra al die plekke ingeneem is, waarna gaste onder die tentafdakke buite die Monument geakkommodeer sal word. Persone wat verkies om buite te sit, is welkom om hulle eie opvoustoele saam te bring. Klank word aangebring, sodat almal na die diens kan luister.

Rolstoele en helpers is op aanvraag op die hoofparkeergebied van die Monument beskikbaar om bewegingsgestremde persone met die spesiale rolstoelpad na die Monument te help vervoer. Die diens word deur die Direksie van die Voortrekkermonument gereël met ondersteuning van Die Voortrekkers.

Navrae i.v.m. die dag se aktiwiteite kan gerig word aan Annatjie by 012 326 6770 of [ontvangs@vtm.org.za](mailto:ontvangs@vtm.org.za). Die Operasionele Bestuurder van die Monument, mnr Wessel van Rooyen, sal vanaf 10:00 by die Vrou- en Kinderbeeld vir onderhoude beskikbaar wees. Sy kontaknommer is 082 786 0528.

---

**UITGEREIK DEUR:  
SONJA LOMBARD  
BESTURENDE DIREKTEUR  
VOORTREKKERMONUMENT  
Tel: 012 326 6770  
Faks: 012 326 8374  
E-pos: [sonja@vtm.org.za](mailto:sonja@vtm.org.za)**